# Government Gazette
# Staatskoerant

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

Vol. 583 | Cape Town, Kaapstad, | 22 January 2014 | **No. 37255**


## THE PRESIDENCY

No. 39 — 22 January 2014

It is hereby notified that the President has assented to the following Act, which is hereby published for general information:—

**Act No. 43 of 2013: Judicial Matters Second Amendment Act, 2013**

## DIE PRESIDENSIE

No. 39 — 22 Januarie 2014

Hierby word bekend gemaak dat die President sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

**Wet No 43 van 2013: Tweede Wysigingswet op Geregtelike Aangeleenthede, 2013**


9 771682 584003 37255



**AIDS HELPLINE: 0800-0123-22 Prevention is the cure**

**GENERAL EXPLANATORY NOTE:**

| | |
|---|---|
| [ ] | Words in bold type in square brackets indicate omissions from existing enactments. |
| ________ | Words underlined with a solid line indicate insertions in existing enactments. |

*(English text signed by the President)*
*(Assented to 20 January 2014)*

# ACT

**To amend the Criminal Law (Sexual Offences and Related Matters) Amendment Act, 2007, so as to enable the Minister of Justice and Constitutional Development to designate certain courts for purposes of dealing with sexual offences; and to provide for matters connected therewith.**

PARLIAMENT of the Republic of South Africa enacts, as follows:—

**Insertion of Part 1A in Chapter 7 of Index to Act 32 of 2007**

**1.** The Index to the Criminal Law (Sexual Offences and Related Matters) Amendment Act, 2007, is hereby amended by the insertion after Part 1 of Chapter 7 of the following heading:

"**PART 1**

**SEXUAL OFFENCES COURTS**

**Designation of sexual offences courts**

**55A.** Designation of sexual offences courts".

**Insertion of Part 1A in Chapter 7 of Act 32 of 2007**

**2.** The following section is hereby inserted in the Criminal Law (Sexual Offences and Related Matters) Amendment Act, 2007, after section 55:

"**Part 1A**

**Sexual offences courts**

**Designation of sexual offences courts**

**55A.** (1) Subject to subsection (2), the Minister may by notice in the *Gazette* designate any Division of the High Court or the main seat or any local seat of a Division or Magistrate's Court, as defined in section 1 of the

**ALGEMENE VERDUIDELIKENDE NOTA:**

[ ] Woorde in vet druk tussen vierkantige hake dui skrappings uit bestaande verordenings aan.

________ Woorde met 'n volstreep daaronder dui invoegings in bestaande verordenings aan.

*(Engelse teks deur die President geteken)*
*(Goedgekeur op 20 Januarie 2014)*

# WET

**Tot wysiging van die Wysigingswet op die Strafreg (Seksuele Misdrywe en Verwante Aangeleenthede), 2007, ten einde die Minister van Justisie en Staatkundige Ontwikkeling in staat te stel om sekere howe aan te wys met die doel om seksuele misdrywe te hanteer; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.**

DIE PARLEMENT van die Republiek van Suid-Afrika bepaal, soos volg:—

**Invoeging van Deel 1A in Hoofstuk 7 van Inhoudsopgawe van Wet 32 van 2007**

**1.** Die Inhoudsopgawe tot die Wysigingswet op die Strafreg (Seksuele Misdrywe en Verwante Aangeleenthede), 2007, word hierby gewysig deur die volgende opskrif na Deel 1 van Hoofstuk 7 in te voeg:

"**DEEL 1**

**HOWE VIR SEKSUELE MISDRYWE**

**Aanwysing van howe vir seksuele misdrywe**

**55A.** Aanwysing van howe vir seksuele misdrywe".

**Invoeging van Deel 1A in Hoofstuk 7 van Wet 32 van 2007**

**2.** Die volgende artikel word hierby na artikel 55 in die Wysigingswet op die Strafreg (Seksuele Misdrywe en Verwante Aangeleenthede), 2007, ingevoeg:

"**Deel 1A**

**Howe vir seksuele misdrywe**

**Aanwysing van howe vir seksuele misdrywe**

**55A.** (1) Behoudens subartikel (2), kan die Minister by kennisgewing in die *Staatskoerant*, enige afdeling van die Hooggeregshof of die hoofsetel of enige plaaslike setel van 'n afdeling of landdroshof, soos omskryf in

Superior Courts Act, 2013 (Act No. 10 of 2013), as a sexual offences court exclusively for the purposes of the trial of any person or other proceedings arising out of—

*(a)* an alleged commission of a sexual offence in terms of the common law, any offence in terms of the Sexual Offences Act, 1957 (Act No. 23 of 1957), or any offence in terms of this Act; or

*(b)* any act or omission which constitutes an offence in terms of any other law which has a bearing on sexual offences, as the Director of Public Prosecutions having jurisdiction, may, in writing, authorise.

(2) The Minister must exercise the power provided for in subsection (1)—

*(a)* in consultation with the Chief Justice, the head of the court in question as defined in section 1 of the Superior Courts Act, 2013, and, in the case of a Magistrate's Court, the Judge President who, in terms of section 8(4)*(c)* of the Superior Courts Act, 2013, is responsible for the coordination of judicial functions of the Magistrate's Courts falling within his or her area of jurisdiction; and

*(b)* after consultation with the National Director of Public Prosecutions.

(3) Subject to subsection (4) or any other law regulating the jurisdiction of a court, the area of jurisdiction of a court designated in terms of subsection (1), is the area of jurisdiction determined in terms of section 2 of the Magistrate's Courts Act, 1944, in respect of a Magistrate's Court or in terms of section 6(3) of the Superior Courts Act, 2013, in respect of a Division of the High Court or a seat thereof.

(4) The Minister may—

*(a)* in consultation with the persons referred to in subsection (2)*(a)*; and

*(b)* after consultation with the National Director of Public Prosecutions as contemplated in subsection (2)*(b)*,

by notice in the *Gazette*, increase or decrease the area of jurisdiction of any Magistrate's Court designated in terms of subsection (1).

(5) This section does not preclude any court referred to in subsection (1) from dealing with the matters referred to in that subsection if it has not been designated as a sexual offences court.''.

**Amendment of section 66 of Act 32 of 2007**

**3.** Section 66 of the Criminal Law (Sexual Offences and Related Matters) Amendment Act, 2007, is hereby amended—

*(a)* the substitution in subsection (1) for paragraph *(a)* of the following paragraph:

''*(a)* The National Commissioner of the South African Police Service must, in consultation with the Minister of **[Safety and Security]** Police and after consultation with the Minister, the National Director of Public Prosecutions, the National Commissioner of Correctional Services and the Directors-General: Health and Social Development, issue and publish in the *Gazette* national instructions regarding all matters which are reasonably necessary or expedient to be provided for and which must be followed by all police officials who are tasked with receiving reports of and the investigation of sexual offence cases, in order to achieve the objects of this Act as set out in section 2 and the Preamble, particularly those objects which have a bearing on complainants of such offences, including the following:

(i) The manner in which the reporting of an alleged sexual offence is to be dealt with by police officials;

(ii) the manner in which sexual offence cases are to be investigated by police officials, including the circumstances in which an investigation in respect of a sexual offence may be discontinued;

(iii) the circumstances in which and the relevant sexual offence or offence in respect of which a police official may apply for the

artikel 1 van die Wet op Hoër Howe, 2013 (Wet No. 10 van 2013), as 'n hof vir seksuele misdrywe aanwys, uitsluitlik vir die doeleindes van die verhoor van enige persoon of ander verrigtinge na aanleiding van—

*(a)* 'n beweerde pleging van 'n seksuele misdryf ingevolge die gemenereg, enige misdryf ingevolge die Wet op Seksuele Misdrywe, 1957 (Wet No. 23 van 1957), of enige misdryf ingevolge hierdie Wet; of
*(b)* enige handeling of versuim wat 'n misdryf daarstel ingevolge enige ander wet wat op seksuele misdrywe betrekking het, soos skriftelik gemagtig deur die Direkteur van Openbare Vervolgings met jurisdiksie.

(2) Die Minister moet die bevoegdheid waarvoor in subartikel (1) voorsiening gemaak word, uitoefen—

*(a)* in oorleg met die Hoofregter, die hoof van die betrokke hof soos in artikel 1 van die Wet op Hoër Howe, 2013, omskryf, en, in die geval van 'n landdroshof, die Regterpresident wat, ingevolge artikel 8(4)*(c)* van die Wet op Hoër Howe, 2013, verantwoordelik is vir die koördinasie van regterlike werksaamhede van die landdroshowe wat in sy of haar jurisdiksiegebied is; en
*(b)* na oorleg met die Nasionale Direkteur van Openbare Vervolgings.

(3) Behoudens subartikel (4) of enige ander wet wat die jurisdiksie van 'n hof reël, is die jurisdiksiegebied van 'n ingevolge subartikel (1) aangewese hof, die jurisdiksiegebied ingevolge artikel 2 van die Wet op Landdroshowe, 1944, bepaal ten opsigte van 'n landdroshof of ingevolge artikel 6(3) van die Wet op Hoër Howe, 2013, ten opsigte van 'n afdeling van die Hooggeregshof of 'n setel daarvan.

(4) Die Minister kan—

*(a)* in oorleg met die persone in subartikel (2)*(a)* bedoel; en
*(b)* na oorleg met die Nasionale Direkteur van Nasionale Vervolgings soos in subartikel (2)*(b)* beoog,

by kennisgewing in die *Staatskoerant*, die jurisdiksiegebied van enige landdroshof ingevolge subartikel (1) aangewys, vergroot of verklein.

(5) Hierdie artikel belet geen hof in subartikel (1) bedoel daarvan om die aangeleenthede in subartikel (1) bedoel te hanteer indien daardie hof nie as 'n hof vir seksuele misdrywe aangewys is nie.".

**Wysiging van artikel 66 van Wet 32 van 2007**

**3.** Artikel 66 van die Wysigingswet op die Strafreg (Seksuele Misdrywe en Verwante Aangeleenthede), 2007, word hierby gewysig—

*(a)* deur paragraaf *(a)* in subartikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang:

"*(a)* Die Nasionale Kommissaris van die Suid-Afrikaanse Polisiediens moet, in oorleg met die Minister van **[Veiligheid en Sekuriteit]** Polisie en na oorlegpleging met die Minister, die Nasionale Direkteur van Openbare Vervolgings, die Nasionale Kommissaris van Korrektiewe Dienste en die Direkteurs-generaal: Gesondheid en Maatskaplike Ontwikkeling, nasionale opdragte uitreik en in die *Staatskoerant* publiseer aangaande alle aangeleenthede wat redelikerwys nodig of gerieflik is om voorsiening voor te maak en wat gevolg moet word deur alle polisiebeamptes wat verantwoordelik is vir die ondersoek van seksuele misdryfsake of om daaroor verslae te ontvang, ten einde die oogmerke van hierdie Wet soos in artikel 2 en die Aanhef uiteengesit, te verwesenlik, en in die besonder daardie oogmerke wat verband hou met klaers of klaagsters van sodanige misdrywe, met inbegrip van die volgende:

(i) Die wyse waarop die aanmelding van 'n beweerde seksuele misdryf deur polisiebeamptes hanteer moet word;
(ii) die wyse waarop seksuele misdryfsake deur polisiebeamptes ondersoek moet word, met inbegrip van die omstandighede waaronder 'n ondersoek na 'n seksuele misdryfsaak gestaak mag word;
(iii) die omstandighede waaronder en die tersaaklike seksuele misdryf of misdryf ten opsigte waarvan 'n polisiebeampte om die

HIV testing of an alleged offender as contemplated in section 33;

(iv) the manner in which police officials must execute court orders for compulsory HIV testing contemplated in section 33 in order to ensure the security, integrity and reliability of the testing processes and test results;

(v) the manner in which police officials must deal with the outcome of applications made and granted in terms of section 31 or 32 in order to ensure confidentiality; **[and]**

(vi) the manner in which police officials must hand over to the victim or to the interested person, as the case may be, and to the alleged offender the test results; and

(vii) the manner in which police officials must carry out their responsibilities and duties in relation to sexual offences courts designated in terms of section 55A and any regulations made in terms of section 67*(b)*.'';

*(b)* by the substitution in subsection (2) for paragraph *(a)* of the following paragraph:

''*(a)* The National Director of Public Prosecutions must, in consultation with the Minister and after consultation with the National Commissioners of the South African Police Service and Correctional Services and the Directors-General: Health and Social Development, issue and publish in the *Gazette* directives regarding all matters which are reasonably necessary or expedient to be provided for and which are to be followed by all members of the prosecuting authority who are tasked with the institution and conducting of prosecutions in sexual offence cases, in order to achieve the objects of this Act as set out in section 2 and the Preamble, particularly those objects which have a bearing on complainants of such offences, including the following:

(i) The manner in which sexual offence cases should be dealt with in general, including the circumstances in which a charge may be withdrawn or a prosecution stopped;

(ii) the criteria to be used and circumstances in which the prosecution must apply to court for an order that witnesses and, in particular, child complainants below the age of 16 years give evidence by means of closed circuit television as provided for in section 158 of the Criminal Procedure Act, 1977, if the court does not make an order on its own initiative in terms of subsection (2)*(a)* of that section or an application in terms of subsection (2)*(b)* of that section is not made;

(iii) the criteria to be used and circumstances in which the prosecution must request the court to consider appointing a competent person as an intermediary as provided for in section 170A of the Criminal Procedure Act, 1977, in respect of witnesses and, in particular, child complainants below the age of 16 years;

(iv) the circumstances in which the prosecution must request the court to consider directing that the proceedings may not take place in open court as provided for in section 153 of the Criminal Procedure Act, 1977;

(v) the circumstances in which the prosecution must request the court to consider prohibiting the publication of the identity of the complainant in the case as provided for in section 154 of the Criminal Procedure Act, 1977, or of the complainant's family, including the publication of information that may lead to the identification of the complainant or the complainant's family;

(vi) the criteria to be used, circumstances and manner in which Directors of Public Prosecutions should authorise and institute a prosecution contemplated in section 16(2), dealing with consensual sexual violation with a child with the view to ensuring uniformity;

MIV-toetsing van 'n beweerde oortreder aansoek kan doen soos in artikel 33 beoog;

(iv) die wyse waarop polisiebeamptes hofbevele vir verpligte MIV-toetsing in artikel 33 beoog, moet uitvoer ten einde die sekuriteit, integriteit en betroubaarheid van die toetsprosedures en toetsuitslae te verseker;

(v) die wyse waarop polisiebeamptes die uitslag van aansoeke wat ingevolge artikel 31 of 32 gedoen en toegestaan is, moet hanteer ten einde vertroulikheid te verseker; **[en]**

(vi) die wyse waarop polisiebeamptes die toetsuitslae aan die slagoffer of die belanghebbende persoon, na gelang van die geval, en aan die beweerde oortreder moet oorhandig; en

(vii) die wyse waarop polisiebeamptes hul verantwoordelikhede moet nakom en hul pligte moet uitvoer in verband met howe vir seksuele misdrywe aangewys ingevolge artikel 55A en enige regulasies ingevolge artikel 67*(b)* uitgevaardig.'';

*(b)* deur paragraaf *(a)* in subartikel (2) deur die volgende paragraaf te vervang:

''*(a)* Die Nasionale Direkteur van Openbare Vervolgings moet, in oorleg met die Minister en na oorlegpleging met die Nasionale Kommissarisse van die Suid-Afrikaanse Polisiediens en Korrektiewe Dienste en die Direkteurs-generaal: Gesondheid en Maatskaplike Ontwikkeling, voorskrifte uitreik en in die *Staatskoerant* publiseer aangaande alle aangeleenthede wat redelikerwys nodig of gerieflik is om voorsiening voor te maak en wat gevolg moet word deur alle lede van die vervolgingsgesag wat verantwoordelik is vir die instelling en voer van vervolgings in seksuele misdryfsake, ten einde die oogmerke van hierdie Wet soos in artikel 2 en die Aanhef uiteengesit, te verwesenlik, en in die besonder daardie oogmerke wat verband hou met klaers of klaagsters van sodanige misdrywe, met inbegrip van die volgende:

(i) Die wyse waarop seksuele misdryfsake in die algemeen hanteer moet word, met inbegrip van die omstandighede waaronder 'n aanklag teruggetrek of 'n vervolging gestaak mag word;

(ii) die kriteria wat aangewend moet word en die omstandighede waaronder die vervolging aansoek moet doen vir 'n bevel dat getuies en, in die besonder, kindergetuies onder die ouderdom van 16 jaar, getuienis by wyse van geslotekringtelevisie moet kan gee soos in artikel 158 van die Strafproseswet, 1977, bepaal, indien die hof nie uit eie beweging 'n bevel ingevolge subartikel (2)*(a)* van daardie artikel maak nie of indien geen aansoek ingevolge subartikel (2)*(b)* van daardie artikel gedoen word nie;

(iii) die kriteria wat aangewend moet word en die omstandighede waaronder die vervolging die hof moet versoek om die aanstelling van 'n bevoegde persoon as tussenganger ingevolge artikel 170A van die Strafproseswet, 1977, te oorweeg ten opsigte van getuies en, in die besonder, kindergetuies onder die ouderdom van 16 jaar;

(iv) die omstandighede waaronder die vervolging die hof moet versoek om 'n lasgewing te oorweeg dat die verrigtinge nie in 'n ope hof mag plaasvind nie soos in artikel 153 van die Strafproseswet, 1977, beoog;

(v) die omstandighede waaronder die vervolging die hof moet versoek om 'n verbod te oorweeg dat die identiteit van die klaer of klaagster in die saak of van die klaer of klaagster se familie soos in artikel 154 van die Strafproseswet, 1977, beoog, nie gepubliseer mag word nie, met inbegrip van 'n verbod op die publikasie van inligting wat tot die identifisering van die klaer of klaagster of die klaer of klaagster se familie mag lei;

(vi) die kriteria wat aangewend moet word, die omstandighede waaronder en die wyse waarop Direkteurs van Openbare Vervolgings 'n vervolging in artikel 16(2) beoog wat handel met instemmende seksuele skending van 'n kind, behoort te magtig en in te stel ten einde eenvormigheid te verseker;

(vii) the criteria to be used, circumstances and manner in which Directors of Public Prosecutions should authorise and institute a prosecution contemplated in section 38(1), dealing with the ascertainment of the HIV status of an alleged offender or disclosure of the results of any HIV tests, with the view to ensuring uniformity;

(viii) the information to be placed before a court during sentencing, including pre-sentence reports and information on the impact of the sexual offence on the complainant; **[and]**

(ix) the manner in which prosecutors must ensure that an order contemplated in section 50(2)*(a)* (dealing with an order of a court to include the accused's name in the Register) is forwarded to and received by the Registrar of the National Register for Sex Offenders; and

(x) the manner in which prosecutors must carry out their responsibilities and duties in relation to sexual offences courts designated in terms of section 55A and any regulations made in terms of section 67*(b)*.'';

*(c)* by the substitution in subsection (3) for paragraph *(a)* of the following paragraph:

''*(a)* The Director-General: Health must, in consultation with the Minister of Health and after consultation with the Directors-General: Justice and Constitutional Development and Social Development and the National Commissioners of the South African Police Service and Correctional Services, publish in the *Gazette* directives regarding all matters which are reasonably necessary or expedient to be provided for and which are to be followed by all medical practitioners and any other relevant persons when dealing with sexual offence cases, in order to achieve the objects of this Act as set out in section 2 and the Preamble, particularly those objects which have a bearing on complainants of such offences, with particular reference, among others, to—

(i) the administering of Post Exposure Prophylaxis;

(ii) the manner in which court orders for compulsory HIV testing contemplated in section 33 must be executed in order to ensure the security, integrity and reliability of the testing processes and test results;

(iii) the manner in which the HIV test results contemplated in section 37 must be dealt with in order to ensure confidentiality;

(iv) the manner in which the reporting of an alleged sexual offence is to be dealt with if the offence is reported to a designated public health establishment; **[and]**

(v) the manner in which assistance in the investigation and prosecution of sexual offences, generally, must be provided; and

(vi) the manner in which medical practitioners and any other relevant persons must carry out their responsibilities and duties in relation to sexual offences courts designated in terms of section 55A and any regulations made in terms of section 67*(b)*.'';

*(d)* by the insertion after subsection (3) of the following subsection:

''(3A) The Director-General: Social Development must, in consultation with the Minister of Social Development, and after consultation with the Directors-General: Justice and Constitutional Development and Health, the National Director of Public Prosecutions and the National Commissioners of the South African Police Service and Correctional Services, issue and publish in the *Gazette* directives regarding all matters which are reasonably necessary or expedient to be provided for and which are to be followed by all relevant persons who exercise any power or perform any duty in terms of this Act relating to social services, when dealing with sexual offence cases, in order to achieve the objects of this Act as set out in section 2 and the Preamble, particularly those objects which have a bearing on complainants of such offences, with particular

(vii) die kriteria wat aangewend moet word, die omstandighede waaronder en die wyse waarop Direkteurs van Openbare Vervolgings 'n vervolging in artikel 38(1) beoog wat handel met die vasstelling van die MIV-status van 'n beweerde oortreder of die openbaarmaking van die uitslae van enige MIV-toetse, behoort te magtig en in te stel ten einde eenvormigheid te verseker;

(viii) die inligting wat tydens vonnisoplegging voor 'n hof geplaas moet word, met inbegrip van voorvonnisverslae en inligting oor die impak van die seksuele misdryf op die klaer of klaagster; **[en]**

(ix) die wyse waarop staatsaanklaers moet verseker dat 'n bevel in artikel 50(2)*(a)* bedoel (wat handel met 'n hofbevel om die beskuldigde se naam in die Register op te neem) aangestuur word na en ontvang word deur die Registrateur van die Nasionale Register vir Seks-oortreders; en

(x) die wyse waarop staatsaanklaers hul verantwoordelikhede moet nakom en hul pligte moet uitvoer in verband met howe vir seksuele misdrywe aangewys ingevolge artikel 55A en enige regulasies ingevolge artikel 67*(b)* uitgevaardig.";

*(c)* deur paragraaf *(a)* in subartikel (3) deur die volgende paragraaf te vervang:

"*(a)* Die Direkteur-generaal: Gesondheid moet, in oorleg met die Minister van Gesondheid en na oorlegpleging met die Direkteurs-generaal: Justisie en Staatkundige Ontwikkeling en Maatskaplike Ontwikkeling en die Nasionale Kommissarisse van die Suid-Afrikaanse Polisiediens en Korrektiewe Dienste, voorskrifte in die *Staatskoerant* publiseer aangaande alle aangeleenthede wat redelikerwys nodig of gerieflik is om voorsiening voor te maak en wat gevolg moet word deur alle mediese praktisyns en enige ander tersaaklike persone wanneer hulle seksuele misdryfsake hanteer, ten einde die oogmerke van hierdie Wet soos in artikel 2 en die Aanhef uiteengesit, te verwesenlik, en in die besonder daardie oogmerke wat verband hou met klaers of klaagsters van sodanige misdrywe, met besondere verwysing, onder andere, na—

(i) die toediening van Na-Blootstellingsprofilakse ('PEP');

(ii) die wyse waarop hofbevele vir verpligte MIV-toetsing in artikel 33 beoog, uitgevoer moet word ten einde die sekuriteit, integriteit en betroubaarheid van die toetsprosedures en toetsuitslae te verseker;

(iii) die wyse waarop die MIV-toetsuitslae in artikel 37 beoog, hanteer moet word ten einde vertroulikheid te verseker;

(iv) die wyse waarop die aanmelding van 'n beweerde seksuele misdryf hanteer moet word indien die misdryf by 'n aangewese openbare gesondheidsinstelling aangemeld word; **[en]**

(v) die wyse waarop bystand in die algemeen verleen moet word in die ondersoek en vervolging van seksuele misdrywe; en

(vi) die wyse waarop mediese praktisyns en enige ander tersaaklike persone hul verantwoordelikhede moet nakom en hul pligte moet uitvoer in verband met howe vir seksuele misdrywe aangewys ingevolge artikel 55A en enige regulasies ingevolge artikel 67*(b)* uitgevaardig.";

*(d)* deur die volgende subartikel na subartikel (3) in te voeg:

"(3A) Die Direkteur-generaal: Maatskaplike Ontwikkeling moet, in oorleg met die Minister van Maatskaplike Ontwikkeling, en na oorlegpleging met die Direkteurs-generaal: Justisie en Staatkundige Ontwikkeling en Gesondheid, die Nasionale Kommissarisse van die Suid-Afrikaanse Polisiediens en Korrektiewe Dienste, voorskrifte in die *Staatskoerant* publiseer wat redelikerwys nodig of gerieflik is om voor te skryf en wat deur alle tersaaklike persone gevolg moet word wat ingevolge hierdie Wet enige bevoegdheid uitvoer of enige plig verrig in verband met maatskaplike dienste, wanneer sake van seksuele misdrywe hanteer word, ten einde die oogmerke van hierdie Wet soos in artikel 2 en die Aanhef uiteengesit, te verwesenlik, veral daardie oogmerke wat betrekking het op klaers en klaagsters in sodanige misdrywe, met besondere verwysing na die verantwoordelikhede en pligte van hierdie

reference to the responsibilities and duties of these persons in relation to sexual offences courts designated in terms of section 55A and any regulations made in terms of section 67*(b)*.''; and

*(e)* by the substitution in subsection (4) for paragraph *(a)* of the following paragraph:

''*(a)* The national instructions and directives by each Department or institution, contemplated in this section must be—

(i) submitted to Parliament within six months after the commencement of this section, before publication in the *Gazette*: Provided that the first national instructions or directives giving effect to section 3 of the Judicial Matters Second Amendment Act, 2013, must be submitted to Parliament within six months after any regulations have been made in terms of section 67*(b)*; and

(ii) published in the *Gazette*.''.

**Substitution of section 67 of Act 32 of 2007**

**4.** The following section is hereby substituted for section 67 of the Criminal Law (Sexual Offences and Related Matters) Amendment Act, 2007:

''**Regulations**

**67.** The Minister**[,]** may—

*(a)* after consultation with the cabinet members responsible for safety and security, correctional services, social development and health and the National Director of Public Prosecutions, **[may]** make regulations regarding—

**[*(a)*]**(i) any matter which is required or permitted by this Act to be prescribed by regulation;

**[*(b)*]**(ii) the intersectoral implementation of this Act; and

**[*(c)*]**(iii) any other matter which is necessary or expedient to be prescribed in order to achieve or promote the objects of this Act; and

*(b)* in consultation with the Chief Justice make regulations necessary to give effect to the designation of the courts referred to in section 55A(1), including the requirements for the efficient and effective functioning thereof.''.

**Amendment of long title of Act 32 of 2007**

**5.** The long title of the Criminal Law (Sexual Offences and Related Matters) Amendment Act, 2007, is hereby amended by the insertion of the following bullet after the thirteenth bullet in the long title:

''* designating certain courts, where necessary, to deal with matters relating to sexual offences;''.

**Short title and commencement**

**6.** This Act is called the Judicial Matters Second Amendment Act, 2013, and comes into operation on a date fixed by the President by proclamation in the *Gazette*.

persone met betrekking tot howe vir seksuele misdrywe ingevolge artikel 55A aangewys en enige regulasies ingevolge artikel 67*(b)* uitgevaardig.''; en

*(e)* deur paragraaf *(a)* in subartikel (4) deur die volgende paragraaf te vervang:

''*(a)* Die nasionale opdragte en voorskrifte van elke Departement of instelling wat in hierdie artikel beoog word, moet—

(i) voor publikasie in die *Staatskoerant* aan die Parlement voorgelê word binne ses maande na die inwerkingtreding van hierdie artikel: Met dien verstande dat die eerste nasionale instruksies of voorskrifte wat aan artikel 3 van die Tweede Wysigingswet op Geregtelike Aangeleenthede, 2013, gevolg gee, binne ses maande nadat enige regulasies ingevolge artikel 67*(b)* uitgevaardig is, aan die Parlement voorgelê moet word; en

(ii) in die *Staatskoerant* gepubliseer word.''.

**Vervanging van artikel 67 van Wet 32 van 2007**

**4.** Artikel 67 van die Wysigingswet op die Strafreg (Seksuele Misdrywe en Verwante Aangeleenthede), 2007, word hierby deur die volgende artikel vervang:

''**Regulasies**

**67.** Die Minister kan**[,]**—

*(a)* na oorlegpleging met die kabinetslede wat vir veiligheid en sekuriteit, korrektiewe dienste, maatskaplike ontwikkeling en gesondheid verantwoordelik is, en die Nasionale Direkteur van Openbare Vervolgings, regulasies uitvaardig met betrekking tot—

**[*(a)*]**(i) enige aangeleentheid wat deur hierdie Wet vereis of toegelaat word om by regulasie voorgeskryf te word;

**[*(b)*]**(ii) die inter-sektorale implementering van hierdie Wet; en

**[*(c)*]**(iii) enige ander aangeleentheid wat nodig of gerieflik is om voor te skryf ten einde die oogmerke van hierdie Wet te bereik of te bevorder; en

*(b)* in oorleg met die Hoofregter, regulasies uitvaardig wat nodig is om gevolg te gee aan die aanwysing van die howe in artikel 55A(1) bedoel, met inbegrip van die vereistes vir die doeltreffende en doelmatige werking daarvan.''.

**Wysiging van lang titel van Wet 32 van 2007**

**5.** Die lang titel van die Wysigingswet op die Strafreg (Seksuele Misdrywe en Verwante Aangeleenthede), 2007, word hierby gewysig deur die volgende punt na die dertiende punt in die lang titel in te voeg:

''* sekere howe, waar nodig, aan te wys om aangeleenthede wat op seksuele misdrywe betrekking het, te hanteer;''.

**Kort titel en inwerkingtreding**

**6.** Hierdie Wet heet die Tweede Wysigingswet op Geregtelike Aangeleenthede, 2013, en tree in werking op 'n datum deur die President by proklamasie in die *Staatskoerant* bepaal.